



eduresourceza.com



Grade:	12
Subject:	AFRIKAANS
Name of assessment:	HALFJAAREKSAMEN - VRAESTEL 2
Date:	10 JUNIE 2024
Student Name:	
Time started:	
Time ended:	
Number of pages uploaded: (including the cover pages)	

INVIGILATOR DECLARATION

This form is to be completed and signed by the invigilator of this assessment and must be uploaded along with the completed assessment into the submission box on Moodle.

I _____, confirm that this assessment was written:

1. Under uninterrupted supervision.
2. Within the specified time limit.
3. Without access to Moodle, notes, textbooks, internet research or any other resources, unless specified as allowed for during the test.
4. Without a cell phone in the vicinity of the exam / test venue.
5. Without any assistance from another person, including myself.
6. Without any prior tips / coaching towards the specific questions of the test from me.

Notes:

.....
.....

Signature: _____



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
HALFJAAREKSAMEN - VRAESTEL 2
GRAAD 12
10 JUNIE 2024

VRAESTEL

Tyd: 2 ½ Uur

Eksaminator: C. van Rooijen

Totaal: 100 punte

Moderator: C. Snyders

LEES DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **11** bladsye. Maak seker jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** Afdelings:
AFDELING A: Letterkunde (70 punte)
AFDELING B: Transaksionele Skryfwerk (30 punte)
3. Begin **elke AFDELING** van die vraestel op 'n **NUWE** bladsy
4. Laat 'n **reël** na elke antwoord oop.
5. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word. Jy gaan geen punte vir Engelse woorde kry nie.
7. **Geen getikte antwoordstelle sal aanvaar word nie.** Jy moet in blou of swart ink skryf.
8. Maak seker dat al jou bladsye leesbaar is voordat jy jou werk stoor en oplaai. Onvolledige of onleesbare werk mag nie later opgedateer word as jou tyd verstreke is nie.
9. Skandeer die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad in saam met jou antwoordstel.
10. Stoor jou werk as volg: Van_Voornaam_Toetsnaam_Datum
11. **Please note that should you access the course content on Moodle during this test/exam you will receive a zero. Consulting ChatGPT or Google for definitions, diagrams or any other information during this test/exam will also result in zero. Both are considered cheating and will carry negative consequences.**

AFDELING A: LETTERKUNDE**Instruksies vir Afdeling A:**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf (Vraag 2.1)** en die **opstel (Vraag 4)** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die punte bepaal die aantal feite wat verwag word.
5. **BEPLANNING:**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om die opstel en paragraaf te beplan voordat jy dit finaal skryf. Die beplanning word nie gemerk en bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif, **BEPLANNING**, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning.

Donker Web – Fanie Viljoen: bl. 7 – 155: Proloog, hoofstuk 1 tot hoofstuk 34

Beantwoord die volgende **vier** vrae oor die jeugroman, **Donker Web**. Let op die aanhalings wat ook 'n spesifieke tema by elke vraag illustreer.

VRAAG 1: KONTEKSTUEEL**Greg begin 'n nuwe lewe**

Alles pas lekker agter in die kar. As nagedagte draf ek weer terug kamer toe en haal die Conrad Botes-skildery van die muur af. Dit sal goed lyk in my nuwe plek.

(bl.17)

Dis 'n hoofstuk van my lewe wat ek afsluit. Op 'n manier maak dit my weer hartseer, daarom draai ek die musiek harder en los 'n kreet wat by die oop ruit uitgalm, soos John toe hy die rekswaai in Durban gedoen het.

(bl.18)

- 1.1.1 Greg se "nuwe plek" is baie luuks. Wat maak dit vir hom moontlik om die luuksheid te bekostig? (1)
- 1.1.2 Noem nog 'n voorbeeld wat wys dat Greg meer geld as 'n gewone student het. (1)
- 1.2 Die Conrad Botes-skildery is vir Greg spesiaal. Op watter manier gebruik hy die skildery **later in sy woonstel**? (1)
- 1.3.1 Aan wie kan die herinnering aan John se kreet/skreeu Greg miskien laat dink? (1)
- 1.3.2 Verduidelik jou antwoord by 1.3.1. (1)

Soos ek die klein Karoo-dorpie Hanover nader, haal die spoke van die verlede my in. Ek beleef weer die verpletterende oomblik toe ek uitvind van Eckardt Wilken se verraad.

(bl.18)

- 1.4 Waarom voel Greg dat Eckardt Wilken (skuilnaam) hom verraaï het? (2)
- 1.5 Waarom wou Zander wraak op Greg en sy gesin neem? (2)
- 1.6 Verduidelik waarom die lede van Project Nursery Rhyme so baie geld uit die projek gemaak het. (2)
- 1.7 Waarom is Plank 'n tweedejaarstudent en Greg 'n eerstejaarstudent? (1)
- 1.8 Greg fokus ongelukkig nie net op sy studies nie. Waarom is hy gedetermineerd om die Baker te vind? (2)
- 1.9 'n Pakkie word dan onverwags by Greg se woonstel afgelewer.
- 1.9.1 Wat is in hierdie pakkie? (1)

[15]

VRAAG 2: PARAGRAAF

Innerlike konflik in Greg se gesin

2.1 Greg beskryf die atmosfeer in hulle gesin soos volg:

“Kom jy die huis binne, is daar altyd hierdie swaar gevoel wat binne jou lê, soos 'n opgekrulde slang.” (bl.11)

Opdrag:

Skryf nou 'n paragraaf van tussen **80 en 120 woorde** oor die **innerlike konflik** by die volgende karakters in die Owen gesin: Greg, Chris Owen en Rita Owen.

Bespreek die volgende idees in jou paragraaf:

- Waarom voel Greg skuldig? Verwys na Project Nursery Rhyme. (2)
 - Waarom voel Rina Owen skuldig? (2)
 - Waarom voel Chris Owen moontlik skuldig? (3)
 - Noem **twee** insidente wat die **uiterlike konflik** en spanning tussen Greg en sy ouers illustreer. (2)
- [9]
- 2.2 Bespreek **twee feite** oor Greg se verhouding met sy broer, John. (2)
 - 2.3 Watter rol speel Dain February in Greg se lewe as student? Noem **twee feite** in jou antwoord. (2)

- 2.4 Noem **twee feite** oor die **verteller in hierdie verhaal**. Verwys na die proloog en die res van die hoofstukke. (2)

[15]

VRAAG 3: DIALOOG

Greg in die moeilikheid

- Greg weet dat Dirk Schutte voorheen in die polisie was. Hy het vir Greg gesê: “Daardie *hacking* goed waarmee jy besig was – los dit. Jy weet nie waarmee jy speel nie.” (bl.50)
- Maar Greg het nie geluister nie. Hy vertrou vir Dirk Schutte en besluit om hom te besoek.

Opdrag:

Voltooi nou die volgende dialoog tussen Greg en Dirk Schutte. Skryf slegs die vraagnommer en Greg se woorde neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

Dirk: Ek weet dat jy niks met Lawson Kollege en die Lawsons te doen wil hê nie. Waarom het jy dan die uitnodiging van Thomas Lawson na sy spoghuis in Seepunt aanvaar?

3.1 **Greg:** ... (1)

Dirk: Watter tipe mense was by Lawson se partytjie?

3.2 **Greg:** ... (1)

Dirk: Wat het Lawson in sy studeerkamer vir jou gesê wat jou so kwaad gemaak het?

3.3 **Greg:** ... (1)

Dirk: Na jou besoek aan jou ma in Johannesburg het jy dadelik besef dat daar iemand in jou woonstel was. Hoe het jy dit geweet? (Noem twee feite.)

3.4 **Greg:** ... (2)

Dirk: Jy besluit toe om vir Zander Gericke te vra om jou te help om die Baker op te spoor. Wat beteken die palindroom wat Zander in sy blog vir jou stuur?

3.5 **Greg:** ... (1)

Dirk: En dan stuur Zander iemand persoonlik na jou. Wie is die persoon?

3.6 **Greg:** ... (1)

Dirk: Het jy hierdie man later weer gesien?

3.7 **Greg:** Ja, ... (1)

Dirk: En nou begin jy ook oor jou ma bekommerd raak. Waarom?

3.8 **Greg:** ... (1)

Dirk: Dit is duidelik dat jou moeilikheid erger word. Na die boodskap op jou selfoon, het jy na Markstraat gegaan. Het jy iemand daar ontmoet?

3.9 **Greg:** Nee, maar ... (1)

Dirk: Ek weet jy is nie 'n *quitter* nie. Wat het die twee video's, wat Zander ontvang het, met Zander se besluit te doen om jou te help om die Baker te vind? (Noem twee feite.)

3.10 **Greg:** ... (2)

Dirk: Zander glo aan *Biohacking* – baie tipies van hom. Maar jy nie. Waar pas Chloe in hierdie prentjie in?

3.11 **Greg:** ... (1)

Dirk: As ek na die res van jou storie luister, word jou moeilikheid net erger. Wat, dink jy, gaan jou grootste probleem wees wanneer jy in Istanboel arriveer? (Noem twee feite.)

3.12 **Greg:** ... (2)

[15]

VRAAG 4: LITERÊRE OPSTEL

Donkerder as donker ...

Die titel van die boek, **Donker Web**, impliseer dat daar donker, gevaarlike en geheime insidente in die tydlyn van die karakters en storielyn is.

Opdrag:

Skryf nou 'n opstel van tussen **250 tot 400 woorde** oor insidente in die tydlyn van die karakters en in die storielyn wat die titel illustreer.

- Jou opstel moet 'n **kort** inleidings- en slotparagraaf hê.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite vereis word.
- Gebruik die paragraafindeling soos aangedui.
- Sluit die kolpunte by elke paragraaf in.

Inleiding



Paragraaf A: Regter Gericke

- Toe Zander 11 jaar oud was, vind hy sy pa in die studeerkamer. Wat sien hy? (2)
- Waarom, dink jy, sê Zander se pa dat dit wat Zander gesien het, hulle geheim is? (1)
- Ses maande later en Zander is weer in sy pa se studeerkamer om vir hom te sê dat hy besoekers het. Wat was vir Zander vreemd aan hierdie besoekers? (1)
- Waarom is die besoekers daar? (2)
- Wat doen hulle dan met regter Gericke? (1)



Paragraaf B: Dokter Rian Trollip

- Greg sien vir dr. Trollip en sy pa in 'n foto in een van Turret Media se koerante. Waarom lyk dr. Trollip so bekend vir Greg? (1)
- Hoe voel John oor dr. Trollip? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)
- Hoe het Greg weer vir dr. Trollip opgespoor om meer inligting oor hom te kry? (1)
- Wat vind Greg later oor dr. Trollip uit? (2)
- Greg bel dr. Trollip se vrou. Wat vind hy oor haar uit tydens hulle telefoongesprek? (1)

**Paragraaf C: Wantroue**

- Waarom maak die granietbankie voor die SMAC-kunsgalery so 'n groot indruk op Greg? (2)
- Greg ontmoet 'n ouerige man by Thomas Lawson se partytjie. Wie is dié man en waarom voel Greg dat hy hom kan vertrou? (2)
- In die versionke paleis verskyn Zander skielik langs Greg en Greg skrik groot. **Wat gebeur dan wat wys dat Greg nie vir Zander vertrou nie?** (1)
- Later, in Zander se woonstel, is daar nog 'n insident wat wys dat Greg selfs nie vir Zander met die "simpel" (bl.145) dinge vertrou nie. **Wat het gebeur?** (1)
- Wanneer Greg alle inligting wat hy rondom die Baker het met Zander deel, "hou hy een kaart in sy mou" (bl.148) om seker te maak hy Zander kan vertrou. **Waarvan vertel Greg nie vir Zander nie?** (1)

**Slot****Taal en struktuur:** (5)**[20 + 5 = 25]****Opmerking:**

Vyf punte word aan die logiese orde van jou opstel en taalgebruik toegeken wat jou opstel verstaanbaar kommunikeer.

AFDELING A: 70 PUNTE

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**Instruksies vir Afdeling B:**

1. Beantwoord **albei** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n **nuwe** bladsy.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke vraag neer.
4. Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
 - interpretasie van die opdrag;
 - inhoud en idees;
 - register en toon;
 - taalgebruik.

5. Beplanning:

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.

5.1. Skryf die opskrif, **BEPLANNING**, boaan.

5.2. Trek 'n **streep** deur jou beplanning.

VRAAG 5: BLOG**Situasie:**

Dit is belangrik vir Gr.12-leerders om op hulle emosionele gesondheid te fokus. Jy besluit om 'n Blog te begin wat fokus op **geluk**.

Opdrag:

Skryf nou 'n blog waarin jy:

- **motiveer** waarom dit belangrik is om vir **gelukkige momente** in jou lewe te sorg.
- **beskryf** een van die **gelukkigste momente/dae** in jou lewe.
- **vertel** wat jy doen om jou **vriende en ander mense gelukkig te maak** .

Instruksies:

- Jou blog moet 'n **opskrif** en kort inleidings- en slotparagraaf hê.
- Deel jou paragrafe volgens die bostaande kolpunte in.
- Die inhoud van jou blog moet **tussen 150 en 220 woorde** wees.
- Skryf die **woordtelling** aan die einde van jou skryfstuk neer.

[20]**VRAAG 6: NOTA****Situasie:**

Jy het jou beste vriend/vriendin baie ongelukkig gemaak. Skryf nou 'n nota aan hom/haar waarin jy jou vriend/vriendin om verskoning vra en vra dat hy/sy jou moet vergewe.

Opdrag:

Skryf nou hierdie nota waarin jy die volgende noem:

- **Wat** jy gesê of gedoen het om jou vriend/vriendin so **ongelukkig te maak**.
- **Hoe jy voel** oor wat jy gesê of gedoen het.
- Dat jou vriend/vriendin jou moet **vergewe** en **wat jy gaan doen** om te sorg dat julle weer **beste vriende sal wees**.

Instruksies

- Die inhoud van jou nota moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- Noem die bostaande kolpunte in jou nota.
- Skryf die woordtelling aan die einde van jou skryfstuk neer.

[10]**AFDELING B: 30 PUNTE****GROOTTOTAAL VRAESTEL 2: 100 PUNTE**